

Reeksvoorwoord

Die *Hervormde Teologiese Studies* het ten doel om op nasionale gebied diens te lewer deur die teologiese wetenskap te bevorder en 'n eie Suid-Afrikaanse teologie uit te bou. Sodoende word daar uitvoering gegee aan die opdrag van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan die dosente verbonde aan die teologiese opleiding om in die kerk leiding te gee in die teologiese arbeid ter wille van die verkondiging van die evangelie. Die *HTS Supplementum Reeks* is addisioneel tot die gebruiklike aflewering van die *Hervormde Teologiese Studies*. Hierdie boek van professor A D Pont, *Algemene Kerkgeskiedenis: 'n Inleiding tot die Nederlandse Kerkgeskiedenis vanaf die beginjare tot 1795* is die sesde in dié reeks. Boeke wat in die *HTS Supplementum Reeks* gepubliseer word, dien veral as voorgeskrewe handboeke vir teologiese studente.

Prof Dr Adriaan Drost Pont, emeritus-professor in Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Pretoria, is 'n geëerde oud-redaksielid van die *Hervormde Teologiese Studies*. Hy was vanaf 1957 tot 1971 verantwoordelik vir die versorging van *HTS* en het vanaf 1982 tot 1985 as redaksiesekretaris opgetree. Hy is dié medewerker wat verreweg die meeste bydraes vir *HTS* gelewer het, te wete sewe en sestig navorsingsartikels tot en met Jaargang 50 1 & 2 (1994) (boekbesprekings uitgesluit). Dit is dus baie gepas dat professor Pont ook 'n bydrae tot die *HTS Supplementum Reeks* gemaak het. Hy lewer met hierdie boek 'n belangrike diens aan die Suid-Afrikaanse lesers om in hulle eie moedertaal 'n oorsig van die Nederlandse Kerkgeskiedenis te bekom. Dit is 'n tydige boek in die huidige tydsgewrig. Insig in die geskiedenis van die kerk in Nederland kan daartoe bydra dat die ideaal weer sal herlewe dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Nederlandse Hervormde Kerk weer in ontspanne en spontane interaktiewe verhouding met mekaar sal lewe.

Persone wat in die voorbereiding van hierdie boek besondere hulp verleen het, is Willem Oliver, Erna Oliver en Daan van Wyk (jr). Erkenning word hiermee aan hulle betuig.

A G van Aarde
Reeksredakteur

Junie 1994